# 20 Julie 2023 - Lesing 78 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd

***Mattheus_11:25*** *IN daardie tyd het JaHWèshua gespreek en gesê: Ek loof U, VADER, JaHWeH van die Hemele en die Aarde, dat U hierdie dinge* ***verberg het vir wyse en geleerdes*** *en dit* ***aan kindertjies geopenbaar het****.*

*Mat_18:3 en Hy sê: Voorwaar Ek sê vir julle, as julle nie verander en* ***soos die kindertjies word nie****, sal julle* ***nooit*** *in die Koninkryk van die Hemele ingaan nie!*

*Markus_9:37 Elkeen wat een van sulke kindertjies ontvang in My Naam,* ***ontvang My****. En elkeen wat My ontvang, ontvang nie My nie, maar HOM wat My gestuur het.*

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

**Ware verhouding soos van 'n kind –** 14/7/58

**NO: 7165** "En as julle nie soos kinders word nie, kan julle die ryk van die hemele nie binnegaan nie"

Dit is 'n eienaardige uitspraak dat Ek van julle verlang om kinders te word, immers het Ek julle 'n hele leeftyd gegee, van kindertyd tot hoë ouderdom, sodat julle op aarde verder kon rypword. Maar julle behoort nie die kind se gebrekkigheid en onbegrip as voorbeeld te gebruik nie, **maar die kinderlike vertroue teenoor die Vader,** wat My Vaderhart ontvanklik maak en nie sal verwerp nie, **wat die koninkryk van die hemele vir julle sal open.**

Dit is die waaragtige **kinderlike geloof** wat 'n kind aan sy Vader betoon, die vertroulike pleidooie wat Ek nie onvervuld sal laat nie, dit is die deemoed van 'n kind wat daarom 'n oorvloed van seëninge kan ontvang. En kan enige liefde suiwerder en onselfsugtiger wees as **die van 'n kind vir sy Vader**?

'n Kind oorweeg nie eers in sy verstand die gevoelens wat hy vir sy Vader het nie, dit is die hart wat hom na sy Vader dryf en slegs die hart neem die direkte weg na My en gee haarself heeltemal oor aan My.

En waar die hart van 'n mens beweeg word deur so 'n liefde, **daar word My Woord bevestig**, **want hy sal waarlik ingaan in My ryk, want Ek sal hom nou nooit meer laat gaan nie,** Ek sal so 'n kind na My Hart toe trek en aan hom die ewige lewe in geluksaligheid skenk.

En vêrder wil Ek met My Woorde sê dat julle mense met julle **verstandelike denke** nouliks julle doel op aarde sal kan bereik, dat die volwasse word, die vervulling van lewe of selfs verstandelike gevolgtrekkings, **nooit in staat is om die kinderlike liefde tot My te vervang nie**, dat die ware verhouding met My dit van 'n kind tot sy Vader moet wees, want hierdie verhouding sluit alles in wat noodsaaklik is vir die siel om volwassenheid te bereik: **Liefde, deemoed en totale onderwerping aan My Wil.**

Maar hoe weinig mense bring egter hierdie hartlike verhouding met My tot stand en hoe weinig is in staat om My in hul harte aan te roep as 'n Vader, Wie Sy kind versorg in vurige Liefde en hom in elke nood en elke gevaar wil help.

En hoe weinig gryp My vas met hul kinderlike liefde en bind My daardeur onlosmaaklik aan hulleself vas? Sulke mense het egter vir hulself die hemelryk verkry, **want dit sal vanself tot hulle kom** in wie Ek kan woon, aangetrek deur die liefde van My kind.

En so sal julle ook begryp dat Ek nie diegene wat groot is, aansien nie, **maar inteendeel Myself neerbuig na daardie wat klein is**; dat Ek dit nie waardig ag wat die mens tot stand bring of gebring het met sy **menslike vermoëns en die opleiding daarvan nie**, maar dat Ek slegs in sy hart kyk hoe dit geaard is en dat Ek My verheug in elke straal van liefde wat Ek daarin ontdek, want hierdie straal van liefde het niks te make met die menslike bekwaamhede nie, dit is alleenlik aangesteek deur die hartlike band met My, wat die ware Vader-kind verhouding kenmerk.

En daarom sal alleen 'n "ware kind" My ryk in besit neem, soos wat Ek dit deur My Woord beloof het. Amein.